Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 05/08 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **Borge 2022:**

Hoërskool McLachlan Borgskappe 2022

Namens al die leerders en leerkragte van Hoërskool McLachlan:

'n SPESIALE DANKIE aan al die borge wat ons skool gedurende 2022 ondersteun.

U borgskap/skenking word opreg waardeer!

BAIE DANKIE

PLATINUM BORGE

mpact
smarter, sustainable solutions

Bokmakierie
HOLDINGS (PTY) LTD

AECI®

CÓRE

Tulpieskraal
BOERDERY

GOUE BORGE

CORTEVA agriscience

ORO AGRI — A ROVENSA COMPANY —

AGRIMARK

SAFPRO SA FRUIT PROMOTERS (PTY) LTD Growing in Partnership

Joubertina TOYOTA

Tel: 042 273 1320

Agri Land SSK

Werk saam, SSK Wen saam

nexus AG CUSTOMISED CROP SOLUTIONS

FRESHGOLD

UPL OpenAg™

herotel

SILWER BORGE

GRANOR PASSI

WILCO ENGINEERING & TYRE SERVICES

Tel: 042-273-1907 Email: admin@wilcotyres.co.za

CAPESPAN

Royal

DK Buildings

LE LANGKLOOF ELEKTRIES 076 291 1626

FNB First National Bank

DUTOIT

KOUGA SUPPLIERS

agriplas PERFECT WATER MANAGEMENT SOLUTIONS

SILWER BORGE

syngenta

Multiwrap Packaging MP

HORTEC

leaf

AGRICO

FSSC 22000

villa

THE CO-OP DIE KOOPERASIE

KLOOFPLASE

PHILAGRO

MW MetsonWorld

VIKING

PRODUKTE WAT WERK VAN MENSE WAT OMGEE

BRONS BORGE

Jay Dee FARMS

B&J Handelaars

BASF
We create chemistry

Sanra Alberts
084 789 8000

SAPCOR
We spacialise in:
Business, personal, guesthouse, and agri-insurance

Tru-Cape
Apples & Pears
SOUTH AFRICA
Takeaways from Nature!

UD TRUCKS

4 PACK

LETABAKOP FARMS (Pty) Ltd
APPLE A DAY

Lanko
Tel (042) 272 1313
Fax (042) 272 1486
VERPAKKERS VAN KWALITEIT VARS VRUGTE / PACKERS OF QUALITY FRESH FRUIT

BRONS BORGE

SPECTRA

BUCO

MEGAQUIP

STERIELE INSEK TEGNIEK
FRUITFLY AFRICA
STERILE INSECT TECHNIQUE

Landmeg Landini

FIT SAFETY

STARGROW

RACKING AND SHELVING
& MEZZANINE FLOORS
DEXION
021 552 0220

DC Fruit Packers (Pty) Ltd
Krakeelrivier GPS: -33.811913,23.737204
DC FRUIT
Jay Dee

MAROEN BORGE

KLOPAK

Gas At Site

DFM Technologies Pty Ltd
Farming with pinpoint precision

042 273 1583
GRANNY'S

Zane Fouche

DSR
FARMING (PTY) LTD

Sterkman Boerdery

Dr O J Strydom

LANGKLOOF CHEM Edms Bpk
Bemking
Beskerm ons Aarde

Grondberoking
Schalk Walters
083 301 5298

FINMAP
FINANCIAL SERVICES

LANGKLOOF AFSLAERS & EIENDOMSAGENTE B.K.

moov
Fuel & Lubricants

2. **Karoo to Coast – fietswedren: 25 September 2022:**
Hierdie geleentheid kom vinnig nader en ons benodig nog bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

3. **Stulting-kunstefees:**
Die afgelope week het 29 van ons leerders aan Laerskool Stulting se kunstefees op Humansdorp deelgeneem. Hulle het hul uitstekend van hul taak gekwyt en die volgende prestasies is behaal:

B	Anuscka Salomons
B+	Desnay Christians, Jan Schoeman
A	Ockert Koorzen + gr.6-spreekkoor
A+	Kelvi-Nay Corneelse, Venay Matjala, Kylie de Jager, Melandrie van der Mescht
A++	René Storm, Lilitha Ferreira (voordrag en dans), Ruwaldo Miggels

Cima Booysen en die gr.3-spreekkoor het die hoogste toekennings ontvang deur 100% vir hul onderskeie optredes te behaal.

Ons is baie trots op al ons leerders.

4. **ATKV-tienertoneel:**
Die tienertoneelgroep neem volgende Donderdag, 11 Augustus, deel by die Little Theatre in P.E. Die toneel begin 15:30 en almal is welkom om te kom kyk.

Akteurs:	Cima Booysen	Ruwaldo Miggels	Lyndon Lindoor
	Kylie de Jager	Anuscka Salomons	Bernia Botha
	Chanté Elford	Sarah Labuschagne	Venay Matjala

Tegniese span:	Verhoogbestuurder:	Miencke Strydom
	Klank:	Sesihle Khova
	Beligting:	Olivier Kritzinger

Die groep het Maandag, 8 Augustus, hul kleedrepetisie. Leerders en ouers word genooi om die kleedrepetisie by te woon.

Datum:	8 Augustus 2022	
Tyd:	14:00	
Plek:	McLachlan-skoolsaal	
Toegangsfooi:	Leerders:	R5
	Volwassenes:	R10

Ons wens hulle baie sterkte toe en weet hulle gaan ons skool se naam hoog hou.

5. **Toelatings – 2023:**
Aansoek om toelating vir nuwe gr. 2- tot 10-leerders sluit op **31 Augustus 2022**. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

6. **Koshuis:**
Koshuisaansoeke vir 2023 is nou oop. Aansoekvorms kan afgehaal word by mev. Simoné van der Mescht. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 29 September. Daar is 'n deposito van R 400.00 voordat die leerder toegelaat word in die koshuis. Die deposito is betaalbaar sodra die leerder aanvaar is vir die koshuis. Die maandelikse kostes vir die koshuis is R 400.00 per maand vooruit betaalbaar. Onthou daar moet elke jaar weer aansoek gedoen word om jou plek in die koshuis te behou. Ouers sal 'n brief van aanvaarding ontvang sodra die leerder goedgekeur is om in die koshuis te bly.

7. **Departementele vervoer:**
Departementele vervoeraansoeke vir 2023 is nou beskikbaar. Aansoekvorms kan afgehaal word by mev. Simoné van der Mescht. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 9 September. Onthou, jy moet jaarliks aansoek doen om plek op die bus te kry. Daar is slegs 34 plekke beskikbaar op die bus. Die eerste 34 vorms wat ontvang word en korrek ingevul is, sal plekke op die bus kry.

herotel IGEN

8. **Finansies:**

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

  Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
  ABSA Rekeningnommer: 1970 430047
  Tipe rekening: Tjek
  Takkode: 334415
  Verwysing: **Kind se naam + van**

- Busgeld: (per kwartaal)
  Daaglikse roete:
  Misgund: R2 220
  Louterwater: R1 990
  Krakeel: R1 750
  Busgeld vir derde kwartaal op McLachlanbus moes op 1 Augustus 2022 betaal gewees het. Indien busgeld nie vereffen is nie, sal leerders ongelukkig nie verder van die busdiens gebruik kan maak nie.

- Die **kopieerkoste van R520** per leerder vir 2022 moes teen 25 Maart 2022 vereffen gewees het – daar is egter nog heelwat uitstaande. Ons versoek ouers vriendelik, dog dringend, om die uitstaande kopieerkoste so gou moontlik te betaal. Die skool moet huurgeld vir die fotostaatmasjiene betaal, en ink en papier koop. Ons maak staat op u samewerking.

- 'n Inbetaling van R1130, met verwywing, "digitale inbetaling", is op 28 Julie gedoen. Sal die persoon wat dit betaal het, asb. mev. Mattheus skakel.

9. **Sport:**

- Sentraaltoer:

  Die afgelope naweek het ons na Beaufort-Wes getoer met van ons hoërskoolsportspanne.

  Die leerders het goed gevaar en het ons skool se naam hoog gehou. Ons het 07:30 van die skool vertrek en het deurgery na Wilgewandel net buite Oudtshoorn. Daar het die leerders aan verskeie aktiwiteite deelgeneem. Na 'n heerlike middagete vertrek ons na Beaufort-Wes waar ons ontvang is by Huis Nieuwveld-koshuis. Na 'n heerlike aandete is ons leerders na 'n sokkie saam met die leerders van HS Sentraal genooi.

  Saterdagoggend vroeg opgestaan vir 'n dag propvol gees en plesier.

  Daar was geen ernstige beserings nie en na 'n baie lang dag het die busse om 22:00 Saterdagaand in Joubertina gestop.

  Al drie ons netbalspanne het gewen. Dit was omtrent mooi netbal om te kon kyk.

  0/15: Wen 11-10
  0/17: Wen 17-6
  1stes: Wen 26-16

  Alhoewel die manne nie hulle rugbywedstryde gewen het nie, het hulle almal verbaas met hul uitstekende spel:
  0/15: Verloor 14-21
  1stes: Verloor 15-19

  Die skaakspan het vir die eerste keer hierdie naweek saam met die res van die sportspanne getoer. Alhoewel hulle 7-14 verloor het, het hulle baie nuwe vaardighede geleer. Hulle is baie opgewonde om nog meer oor die spel te leer en sien uit om baie beter te vaar met hul volgende toernooi.

herotel IGEN

Ons het baie komplimente ontvang oor die leerders se goeie gedrag en gesindheid.

Baie dankie aan elke ouer, onderwyser en veral ons leerders wat hierdie naweek ‘n groot sukses gemaak het.

Baie dankie aan mnr. Anton Terblanche vir die leen van die waentjie,‘n groot dank aan mnr. Werner Oberholster vir die bestuur van die bus en mnr. Alwyn Boshoff wat saamgegaan het.

- Maandag, 15 Augustus speel die laerskoolrugby- en netbalspanne teen Paul Sauer. Die wedstryde vind in Kareedouw plaas. Tye sal volg.

- Dinsdag, 16 Augustus speel die hoërskoolrugby- en netbalspanne teen Paul Sauer. Die wedstryde vind in Kareedouw plaas. Tye sal volg.

10. **Landsdiens:**
Die landsdienslede het briewe ontvang oor die volgende:

- Vrydag, 12 Augustus, besoek die landsdienslede Lankopakstoor om meer te leer oor hoe die proses werk.
- Vrydag, 19 Augustus gaan die landsdienslede weer ‘n handvaardigheidsprojek aanpak. Die lede gaan blikbekers verf en die koste is R30.

Landsdienslede kan by mev. Simoné van der Mescht briefies afhaal.

Ouers/Voogde moet daarop let dat Maandag, 8 Augustus, ‘n skoolvakansiedag en Dinsdag, 9 Augustus, ‘n openbare vakansiedag is. Geniet die langnaweek saam met u kinders.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27(0) 42-9402775
Sel: +27(0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit